# KDF Verskaffer/Kompetisie Beleid

**Definisie:**

'n KDF veskaffer verwys na die volgende:
" 'n Persoon of organisasie wat 'n behoefte soos 'n produk of diens verskaf."
In terme van die KDF: Enige persoon, maatskappy, organisasie, konsortium ens. wat betaal word deur die KDF deur middel van 'n faktuur word beskou as 'n verskaffer.

**Die KDF onderskei wel tussen Kunstenaars en Verskaffers:**

Verskaffers is almal wat dienste lewer aan die fees en wat dan vir daardie dienste vergoed word. Dit sal dienste soos vervoer, klank en verhoog, tente ablusie verhuring**,** nooddienste en sekuriteit en kindervermaak ens. insluit. (Wees asseblief bewus dat hierdie Regering, Semi-regering, SAPS, SANDF ens. insluit.)

**Kunstenaars word in drie afdelings gekategoriseer:**

**Kategorie A Kunstenaars:** Die kunstenaars wat by die KDF optree op kontrak met die KDF. Die KDF sal hierdie kunstenaars se agente kontak en alle logistieke, betalings en relevante aspekte sal deur middel van die kontrak behandel word.

**Kategorie B Kunstenaars:** Hierdie kunstenaars wat groepe, 'bands', individue, dansers, storievertellers en enige relevante vermaak insluit vorm deel van die KDF "Fringe". Groep B kunstenaars teken nie 'n kontrak nie, maar stuur 'n aansoekvorm deur die KDF webtuiste: www.kdfest.com
As die aansoek en kwotasie aanvaar word deur die KDF kommittee sal die Kategorie B Kunstenaar gekontak word deur die kantoor.

**Kategorie C Kunstenaars:** Hierdie kunstenaars is ook deel van die "Fringe", maar neem deel aan die KDF kompetisie. Hierdie is slegs toepaslik op die

“Kalahari’s Got Talent” kompetisie. Verwys na www.kdfest.com en kliek op ‘Kalahari’s Got Talent Kompetisie’ vir die aansoekvorm.

**Kompetisies:**

**Kategorie D Kompetisies:**

Die KDF bied ‘n reeks van kompetisies aan. Dit word verdeel in twee afdelings:

**Groep 1:** Hierdie is al die kompetisies wat ingeskryf word VOOR die KDF. Deelnemers moet aansoek doen deur die webtuiste: www.kdfest.com
In hierdie groep sal deelnemers en finaliste deur ‘n paneel beoordeel word gedurende die fees.

**Voorbeelde van hierdie kompetisies:**

1. Sokker en Vlugbal wedstryde.
2. Draadkarbou
3. Poppemaak
4. Mnr. KDF 2019
5. Mej. KDF 2019
6. Kos en Kookkuns
7. Kalahari Fietsresies
8. Vlieër bou en –vlieg

**Groep 2:** Hierdie is die kompetisies waar deelname slegs gedurende die fees geskied en deelnemers slegs daar kan deelneem. Hierdie sluit tradisionele speletjies, kinderaktiwiteite en soortgelyke aktiwiteite by die fees in.

Die KDF is verantwoordelik vir sekere reëlings, logistieke en betalings. Volg asseblief die volgende riglyne in enige aansoek en kwotasie van ‘n kompetisie.

**BELEID A:**

Gebruik asseblief hierdie as 'n riglyne in **ENIGE** aansoek:

| **DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE KDF** | **ALLE VERSKAFFERS** | **KATEGORIE A: KUNSTENAARS** | **KATEGORIE B: KUNSTENAARS** | **KATEGORIE C: KUNSTENAARS** | **KATEGORIE D: KOMPETISIES GROEP 1** | **KATEGORIE D: KOMPETISIES: GROEP 2** | **UITSTALLERS (HIERDIE IS SLEGS VIR UITSTALLERS. STALLETJIES VAL ONDER 'N ANDER BELEID** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Organiseer Akkommodasie | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Organiseer vervoer na die KDF | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Organiseer interne vervoer vanaf Andriesvale na Askham op 21 en 22 Maart 2019 | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee |
| Verskaf kos, kospakkies, koepons en water. | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Betaal 'n deposito van 30% vir dienste 4 weke voor die KDF. | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Betaal die uitstaande gelde | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 35 werksdae na die fees. | | | | | | | |
| Verskaf elektrisiteit. | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Skenk materiale vir die aktiwiteite. | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Verskaf klank en beligting. | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Nee |
| Verskaf tente. | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Nee |
| Vra toegangsfooi by die hek. | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Ja | Nee |
| Organiseer 'n paneel van beoordeelaars. | Nee | Nee | Nee | Ja | Ja | Nee | Nee |
| Verskaf vervoer vanaf Upington. | No | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |

**BELEID B**:

**Kwotasies en Fakture:**

Kwotasies en fakture moet ten alle tye al die kostes vir die Verskaffers, Kategorie B en Kategorie C insluit. 'n Gedetaileerde kwotasie moet by die aansoek aangeheg word.

**Betalings:**

'n 30% Deposito sal betaal word vier weke voor die KDF en die uitstaande 70% sal binne 35-werksdae na die KDF betaal word. Geen uitsonderinge.

**Personeel:**

Behalwe vir die Kategorie A Kunstenaars, is die personeel NIE die verantwoordelikheid van die KDF nie, MAAR elke verskaffer moet ‘n gedetaileerde rapport op personeel vir die KDF indien. Dit moet saam met die finale invoice ingedien word. Geen uitsonderinge.